






**KERKKANTOOR:** Kerkstraat 11 - Ure: Ma - Vry 08:00-13:00. Tel: 021 873 1561/1248  
 Bankbesonderhede: NG Kerk Wellington, ABSA (Takkode: 334510) Tjekrekening nommer: 430 580 000  
 Inligting beskikbaar op ons webtuiste: [www.wellingtongemeente.co.za](http://www.wellingtongemeente.co.za) &  Wellington Moederkerk  
 Volg ons op  wellington\_moederkerk

**Kantoor whatsapp nommer: 072 811 5238**

## WELKOM BY DIE EREDIENS!

**NUWE INTREKKERS:** Baie welkom in die gemeente en dorp.

In die voorportale is strokies beskikbaar. Voltooi dit asb. sodat ons u kan kontak.

Tyd	Diens/Geleentheid	Prediker/Lokaal
08:45	Opening vir kerkraadslede	Konsistorie
09:00	<b>NAGMAAL</b> <b>BIDDAG VIR DIE ONDERWYS:</b> Ons bid spesiaal vir ons land se onderwys, skole & onderwysers. Deuroffer: Alimentasie (Kospakkie-projek wat maandeliks aan behoeftige gesinne voorsien word)	Ds. Lettie Büchner Psalm 51 
10:00	Silwerkruin	Ds. Eric Bernardo
10:00	Kategese: Graad 8 - 9	Kerkgebou
17:45	Graad 10 kategese	Gemeentesentrum
17:45	Belydenisklas	Marthazaal
19:00	LEEFkerk	Ds. Lettie Büchner



### MUURPROP

**MUURPROP IS 'N JEUG GESELS- EN KUIERGROEP VIR... SOMMER NET. ONS LEER LAGGEND, SPELEND EN SOEKEND VAN DIE HERE.**

**Elke Donderdag 18:30 vir 19:00**

**By die Sentrum op die h/v Cummings- en Barlinka Straat (NG Oos-gemeente)  
Vir ouderdomme 13-18**

## GEMEENTEDAGBOEK 12 Feb. – 18 Feb.

**Maandag, 12 Februarie**

**Dinsdag, 13 Februarie**

**Woensdag, 14 Februarie VALENTYNSDAG ♥**

10:00 Bybelskool: Marthazaal  
10:00 Silwerkruin: Biduur  
13:15 Spesiale Erediens: Kerkgebou  
15:00 Huis Lizelle: Biduur  
18:30 Bybelskool: Gemeentesentrum

**Donderdag, 15 Februarie**

10:00 Silwerkruin: Bybelstudie

**Vrydag, 16 Februarie BELYDENISKAMP**

**Saterdag, 17 Februarie BELYDENISKAMP**

**Sondag, 18 Februarie BELYDENISKAMP**

09:00 EREDIENS: LYDENSWEEK 2  
09:00 Kinderkerk  
10:00 Kategese na kerk Gr. 4 - 9  
10:00 Silwerkruin  
16:00 Serenata  
17:45 Kategese Gr. 10  
19:00 LEEFkerk

## GEBEDSVERSOEKE

### ONS DEEL IN MEKAAR SE LEWENS

- Ons bid vir Wyk S se siekes wat herstel na operasies.
- Ons bly bid vir die Truter gesin wie se seun wag op 'n hartoorplanting.
  - Ons tree in vir Oom Alex v Dyk wat aansterk na sy rugoperasie asook Niel le Roux & Tannie Miemie.
- Ons dink aan Adri Longland/Oom Johan du Toit wie se skoonsuster/-dogter oorlede is.



## GEMEENTE/GESINSKAMP

23-25 Feb. - Ons het voorlopig 11 staanplekke bespreek by Schoongezicht in die Kouebokkeveld. Ongeveer 'n uur & ¼ se ry van Wellington.

Facebook/Schoongezichtcampsite

Die staanplek is R400.00 per nag d.w.s. R800.00 vir die naweek. Laat weet asb. teen Maandag of jy wil saamgaan, want ons moet bevestig.

**"First come first serve!"**

## UIT DIE KANTOOR

### DAG VAN VEROOTMOEDIGING

'n Spesiale diens word op  
Woensdag, 14 Feb. @ 13:15 in ons  
kerkgebou gehou.

Ds. Willie vd Merwe gaan die  
erediens behartig. Almal welkom.

## ONS KORT NOG KATEGETE!

Ons benodig nog 1 persoon vir ons **Graad 4** kinders asook 'n Gr.2 en Gr. 3 mamma/pappa vir Kinderkerk sodat ons die groepwerk in lekker klein groepe kan doen. Kom raak betrokke by ons Kinderbediening. Hier leer ons saam en beleef geestelike groei! Kontak asb. vir Liezl indien jy deel wil word van die span.



## BASAAR 2018

Ons maak ou koekblikke/mooi blikke bymekaar vir basaar dekor asook vir verkoop tydens die basaar. Indien u dalk ou koekblikke tuis het wat u nie meer gebruik nie & sal skenk, kontak vir Liezl by die kantoor.

# Voorbidding 11 - 17 Feb. 2018

Hierdie week doen ons voorbidding vir die Republiek van Suid-Korea in Asië.

Hierdie suidelike helfte van die Koreaanse skiereiland bestaan uit 'n bergagtige en boomryke gebied waarvan 22% geskik is vir landbou. Die bevolking van sowat 50 miljoen bestaan 98% uit Koreane en is die wêreld se mees homogene bevolking. Geletterdheid is 100% en die lewensverwagting 'n hoë 80 jaar.

Die ekonomie het sedert 1953 (toe die land en sy inwoners arm en verniel was na die tweede wêreld oorlog) dramaties gegroei deur veral industrialisasie sodat Suid-Korea tans die elfde grootste ekonomie in die wêreld uitmaak met 'n wye reeks gestofistikeerde uitvoer-gerigte industrieë.

Na die okkupasie deur Japan (1910 tot 1945) is die land verdeel en na die Koreaanse oorlog (1950 tot 1953) is die land bestuur deur verskeie militêre regerings en die eerste burgerlike president is eers in 1992 verkies. Daar is godsdiensvryheid met 30% van die inwoners wat Christene is.

## Ons dank die Vader vir:

- Die vestiging van 'n sterk inheemse Koreaanse Kerk op suiwer Bybelse beginsels.
- Die Koreane se toewyding aan volgehoue en passievolle gebed.
- Suid-Korea is waar ses van die grootste Kerke in die wêreld tans is. Daar is ook van die wêreld se grootste teologiese kolleges.
- Uit Suid-Korea word die wêreld se tweede grootste sendingveldtogte geloots met meer as 20 000 sendelinge wat reeds uitgestuur is.

## Doen voorbidding:

- Dat die grootskaalse ekonomiese groei en ontwikkeling oor die afgelope 50 jaar nie sal lei tot korrupsie soos dikwels die geval is nie. Bid vir wysheid vir die sakeleiers.
  - Dat die morele grondslag en waardes waarop die Kerk gebou is, behoue sal bly. Dit word bedreig deur 'n toename in materialisme, die generasie-gaping, internet verslawing en 'n snel groeiende dwelm en seks industrie.
- Suid-Korea word ook toenemend bedreig deur die magsbehepte en gevaarlike Noord-Koreaanse owerheid. Suid-Korea se hoofstad, Seoul, is slegs 50 kilometer van die grens.
- Die Suid-Koreaanse Kerk het baie spesifieke geestelike uitdagings, waaronder: die moontlikheid van stagnasie; geestelike hoogmoed; onderlinge verdeelheid; gebrekkige leierskap; en 'n gebrek aan werklike impak op die gemeenskap.

Bron: Operation World (Biblica Publishing)

# GHOLFDAG

maak 'n nota van die datum!

*23 Februarie 2018*

Moederkerk hou 'n gholfdag te Wellington Gholfklub.

R2400-00 / 4-bal.

Enige bydrae en/of skenkings as pryse welkom.

Kontak vir Gerhard Potgieter  
021-873 1140 (kantoorure) of  
[gerhard@lctlaw.co.za](mailto:gerhard@lctlaw.co.za)  
indien jy belangstel.



## HUIS ANDREW MURRAY

HAM vier hierdie jaar hul  
120ste verjaarsdag.

Op 24 Feb. hou HAM 'n Verjaarsdagfees. Ons gemeente is gevra om 'n ontbytstalletjie ("breakfast bun"/koffie/tee&sap) aan te bied tydens hierdie oggend. Indien jy belangstel om die rol van sameroepster op te neem vir hierdie stalletjie, kontak asb. die kerkkantoor teen Maandagoggend.

## Hoekom hou ons 'n biddag vir reën?

(Uit Ds. S. Louw se pen)

Kan ons God se arm draai? Sien God dan nie dat ons swaarkry nie?

Danksy Jesus, weet en verstaan ons 'n klomp wonderlike dinge van God, wat die mense in die Ou Testament nog nie besef het nie. Om sommer net te sê God straf sy mense, soos in 1 Konings 17 en 18, is nie 'n goeie antwoord nie.

Hoe praat 'n klein seuntjie oor sy ma? Sê hy heel eerste wat sy alles kan doen, of weet hy heel eerste dat sy vir hom lief is?

Wat is die belangrikste: Dat God "enigiets kan doen", of dat God lief is vir ons?

Ons gebruik God nie vir toorkunsies om in te gryp in Sy skepping nie. Maar omdat ons weet God is 'n Ouer wat ons liefhet, is ons nie bang om te vra wat ons nodig het nie. God soek heel eerste vir jou. Soek jy heel eerste vir God? Of soek jy net God se persente?

Soms kies God om nie te torring aan natuurwette nie. Dit is hoekom ons ons sitplekgordels vasmaak, selfs al bid ons vir 'n veilige reis. Ander tye het God geen probleem om iets anders en buitengewoon te doen wat natuurwette nie kan verklaar nie. Wanneer en hoe God wat kies, weet ons nie. God mag. Maar wat ons WEL weet, is dat God lief is vir ons (iemand sal tog net sy lewe gee as Hy lief is vir jou..?).

Daarom bid ons vir reën. Nie om God sover te probeer kry om na ons te luister nie. God luister lankal. Ons hoef nie toertjies te doen of 1 miljoen mense bymekaar te kry om God te oortuig om te luister nie. Dis min of meer hoe Baäl-profete geredeneer het: Hoe groter die lawaai, hoe meer moet hulle god reageer.

Nee. Ons bid en vra. Want God het ons lief. Ons mag. Dis hoe dit werk.

En ons hoop is in God. Selfs al het God dalk lankal profete gestuur wat ons waarsku oor aardverwarming, en dat die Wes-Kaap te min damme het.



## Ons ontvang die volgende skrywe van **SILWERKRUIN:**

Ons hou Vrydag, 02 Maart 2018 basaar. Dit is een van ons grootste fondsinsameling funksies en is ons dus baie afhanklik van borge/donasies om die maksimale fondse in te samel.

SOU U ASB. BY ENIGE VAN DIE VOLGENDE 'N BYDRAE KON LEWER?

### **PANNEKOEK BESTANDELE**

(Meel, eiers, suiker, olie, kaneel, asyn & waspapier)

### **ITEMS VIR KINDERTAFEL**

(sappies, chips, lekkers, speelgoed & verrassingspakkies)

### **GEBAK**

(Koek, Koekies, Beskuit & Brood)

### **KOELDRANK & YS VARS GROENTE, VRUGTE & INGELEGDE PRODUKTE WIT OLIFANT**

### **BESTANDELE VIR NAGEREGTE**

(Boksies vla, jellie, kitspoeding, ingedamptemelk, kondensmelk & blikkies vrugte)

### **BLOMME & PLANTE VIR VERKOPE HAMBURGER & HOT DOG BUNS KONTANT DONASIES**



U goedgeunstige oorweging om 'n bydrae te lewer word hoog op die prys gestel.



## **GEBEDE UIT DIE BYBEL**

Een van ons geliefde gemeentelede, Thys Greeff, het 'n projek aangepak en al die gebede in die Bybel opgeteken. Hy stel dit dan nou beskikbaar aan gemeentelede. Indien jy dit graag sou wou ontvang, kontak hom gerus [mhcgreeff47@gmail.com](mailto:mhcgreeff47@gmail.com).

Hierdie gebedslys is gratis beskikbaar maar 'n vrywillige skenking is welkom vir ons Alimentasie projek.